

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
9 Oktober 1977

Onderwerp: God regeer

Lees: Jesaja 40 verse 1 tot 11

Teks: Jesaja 40 verse 1 tot 11

Sing: Psalm 42 verse 1 en 2
Gesang 55 vers 2

“God gryp telkens in in die gang van die geskiedenis en ook in die geskiedenis van ons lewens, om ons aandag te vestig op die verganklikheid en die tydelikheid van alles wat ons omring. Hy kan dit doen deur een magtige omkering van die wêreld se geskiedenis. Hy kan dit ook doen deur telkens vir ons waarskuwingstekens op te rig.

“Ons kan op verskeie maniere hierop reageer. Ons kan die waarskuwingstekens ignoreer en halsstarrig vasklem aan die skynbare onverganklike; óf ons kan in somberheid versink omdat God ons veilige en sekere wêreldtjie geskud het. Maar God verwag van sy kinders nie een van hierdie twee reaksies nie. Hy wil hê dat ons op sy waarskuwingstekens sal ag slaan en die verganklikheid van hierdie wêreld sal besef. Hy wil terselfdertyd nie hê dat ons pessimisties moet word nie. Hy wil hê dat ons ook die onverganklikheid sal raaksien, die onverganklike wat reeds te midde van die verganklike aan die werk is. Dit is die boodskap wat ons aantref in hierdie gedeelte wat ons saam gelees het.

“Die agtergrond van hierdie hoofstuk was die groot omwenteling en woeling op die wêreldtoneel van daardie tyd. Die ryk van Babel het nog die septer geswaai en die volk van God was in ballingskap. Hulle is deur eie skuld en sonde uitgelewer aan die magte van die wêreld. Maar toe reeds het Kores, die nuwe ster en magtige vors van die Perse, verskyn. Hy het Babel na die kroon gesteek en weldra het sy leërs Babel triomferend binnegetrek.

“Israel was slegs ’n klein volkie wat magteloos rondgedobber het op die golwe van die wêreldsee. Die volk van God was skynbaar uitgelewer aan die magspel van die groot wêreldryke. Maar toe het die wonder gebeur. God het Kores en die wêreldpolitiek gebruik om die lot van sy volk te verander en hulle teruggebring

na hulle land. Dit is waarom hierdie voorgelese gedeelte in Jesaja gaan.

“Jesaja se profesie het begin, nie met ’n oordeel oor die wêreldpolitiek nie, maar met ’n trooswoord aan die volk van God: ‘Troos, troos my volk, sê julle God.’ (Jes 40:1) Dit was ’n dubbele trooswoord omdat Israel dubbel ontvang het vir haar sonde. Met ander woorde die oormaat van God se gerig het ’n oormaat van vertroosting geword. Haar slawediens en stryd was verby, omdat haar skuld betaal was.

“Israel het God verloën, daarom was haar geskiedenis ’n ketting van slawediens van Egipte tot by Babel. Israel se God was verneder en sy Naam was nie eers meer in die Tempel nie. Die herstel van hierdie volk het onmoontlik gelyk. Dat God hulle HERE was, het na ’n belaglike aanspraak gelyk. Al wat gesien kon word, was die triomf van die Babiloniese afgode, Bel en Nebo, en die spel van staatsmagte.

“Maar toe meteens het dit opgeklank, bó die nood van die tyd en bó die gesprek van die wêreldmagte: ‘Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis ’n grootpad vir onse God!’ (Jes 40:3)

“Waar die mens slegs die magstryd van die wêreldmagte, die triomf van die afgode en die vernietiging en chaos sien, is daar in werklikheid ’n onstuitbare wil en plan aan die werk. ’n Weg moet berei word vir die God van Israel. Daarom woed oorloë, stort regerings ineen en ontstaan en vergaan kulture.

“Só het Jesaja dan ook al die menslike prestasies en kulture vergelyk met die gras en die blom wat verwelk: ‘Alle vlees is gras, en al sy aanvalligheid soos ’n blom van die veld. Die gras verdor, die blom verwelk as die asem van die HERE daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras!’ (Jes 40:6,7) Hoe indrukwekkend hulle ook al mag wees, ten slotte is hulle uitgelewer aan die dood. Alles wat uit die mens is, staan onder die teken van verganklikheid.

“Die prestasies van die volkere is inderdaad nie gering nie. Magtige volke en bloeiende kulture word as blommeprag gereken. Maar dit is aan die dood gewy. Voor die gloeiende wind van God se toorn verwelk dit.

“Maar dan neem Jesaja ons aandag weg van die verganklikheid en wys daarop dat daar tog iets onverganklik is: ‘... maar die woord van onse God hou stand in ewigheid.’ (Jes 40:8) Hiermee bedoel hy nie maar net die wet en die profete nie, maar God se verlossende Woord wat terselfdertyd sy verlossingsdade is. Woord en daad is by God een. Die

gras verdor en die blom verwelk, maar God se plan van verlossing met sy volk bly staan. Deur hierdie Woord stig Hy sy onverganklike Koninkryk te midde van die verganklike.

“Daarom kon Jesaja ’n boodskap van vreugde aanhef: ‘O Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op ’n hoë berg! O Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God!’ (Jes 40:9)

“Die drie name wat Jesaja hier genoem het, Sion, Jerusalem en die stede van Juda, het die wêreld van uitsigloosheid omvat. Die Dawidsburg op Sion was sonder ’n koning; Jerusalem was sonder ’n Tempel; en die stede van Juda was sonder ’n volk. Maar hierdie draers van uitsigloosheid het toe die draers van ’n vreugdebodskap geword: ‘Hier is julle God!’ (Jes 40:9)

“God is naby, midde in die wêreldgerig. Hy is nie die verre God wat ongeïnteresseerd neerkyk op die kleinsielige gerumoer van mense nie. Hy is die God wat na jou toe kom as die nag donker is, wanneer die fundamente geskud word: ‘Hier is jou God!’

“God kom, maar dan kom Hy om te heers: ‘Kyk, die Here HERE sal kom as ’n Sterke, en sy arm sal heers’. (Jes 40:10) Hy kom om vir Hom ’n kudde, ’n volk, te vergader: ‘Hy sal sy kudde laat wei soos ’n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei.’ (Jes 40:11) Hy vergader hulle tot gemeenskap met Homself. Sy volk mag naby Hom wees, al is hulle kragteloos te midde van die omwentelinge van die wêreld. Ook wanneer die duisternis oor my lewe toesak, mag ek naby Hom wees en aan sy bors gedra word. Só versamel God sy volk te midde van die aardse gedruis van wêreldgebeure.

“Hierdie profesie van Jesaja het ’n voorlopige vervulling gehad met die terugkeer van Juda uit die ballingskap op Kores se bevel. Maar die finale vervulling daarvan het in een Persoon plaasgevind: Jesus Christus. Ons lees later in Jesaja 53 die profesie oor die Kneg van God, Jesus Christus, wat ’n skuldoffer sou bring en die losprys sou betaal langs die weg van lyding en vernedering.

“God vestig in Jesus Christus sy Koninkryk. In Hom vergader God sy volk. Ja, dit geskied teen alle skyn in. Gaan maar na Golgota. Daar het die Koning aan die kruis gehang. Maar juis daar in sy vernedering het God

sy heilsplan vir die wêreld volbring. Daar aan die kruis het Hy sy ewige Koninkryk gevestig.

“Dit is hier aan die voet van die kruis dat Jesus Christus sy kudde vergader. En Hy, die opgestane Heiland, is vandag deur sy Gees die teenwoordige Here.

“Daarom kan ons ook vandag te midde van aardse gedruis die vreugdeboodskap aanhef: ‘Hier is julle God!’ Hy is naby, teenwoordig en heersend in sy gemeente.

“Ons moet leer om ons oë te vestig op God se onverganklike Koninkryk, waarvan die burgers die nuwe volk van God is, wie se grense nie saamval met die grense van die volkerewêreld nie. Dit is ’n volk wat nie deur geboorte of afstamming in die lewe geroep is nie, maar deur die Woord van God wat bestaan tot in Ewigheid. Hieraan kan ons vashou as die fundamente skud, nie alleen op die wêreldtoneel nie, maar ook in ons eie persoonlike bestaan.

“Maar dit beteken ook dat die Onverganklike Een ruimte vra in my lewe: ‘Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis ’n grootpad vir onse God! Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet ’n gelykte en die rotsagtige plekke ’n laagte word.’ (Jes 40:3,4)

“Die Koning wat kom, vra ruimte. Hy kom om te heers. Hy vra seggenskap oor alles wat ek is, of doen, of dink. Hy vra seggenskap oor my ganse lewe. Maak ruimte vir die gekruisigde Jesus Christus in jou lewe, terwyl jy die stad verwag waarvan God die Boumeester en Oprigter is.

“Amen.”